# Mosambiek Uitreik Info




Ruimsig gemeente is sedert die vroeë 2000s betrokke by die uitreik aksie in Mosambiek. Ons is deel van 'n netwerk van kerke wat aan die Mozaic Upliftment Trust behoort wat almal saam werk om die mense in Moz te bedien. Daar is 'n groot tekort aan water vir die mense, so ons hoof doel met elke uitreik is om te sorg vir water sekuriteit vir die mense. Die sendelinge wat in Moz bly gaan doen navorsing in die verskillende gemeenskappe om te sien wat hulle behoeftes is, hulle bou verhoudings op met die community leaders, en dan as ons kan, gaan help ons dan deur ons uitreik aksie om aan hulle basiese behoeftes te voorsien. Daar word baie klem gelê daarop om die community te help om hulle self op te lig uit hulle omstandighede, so deur die hulp van al die projekte waarmee ons hulle help, kan hulle inkomste begin genereer of ten minste in hulle basiese behoeftes voorsien.

Die info stuk gee jou 'n idee wat ons daar doen, hoe dit lyk, wat van jou verwag gaan word ensovoorts.


**WAAR IN MOZ GAAN ONS** ........ 2
**WAT DOEN ONS** ........ 2
**HOE WERK HULLE KULTUUR?** ........ 3
**WANNEER GAAN ONS EN HOE RY ONS?** ........ 4
**WAAR SLAAP ONS?** ........ 4
**WAT EET ONS?** ........ 5
**WATER…** ........ 5
**WATSE KLERE DRA ONS?** ........ 5
**WAT MOET JY SAAMVAT?** ........ 6
**WAT IS DIE KOSTES?** ........ 6
**WAT MOET JY NOG WEET?** ........ 7
**WAT MOET JY HEEL EERSTE REGKRY** ........ 7
**WAT MOET GEREEL WORD VOOR ONS LANDUIT GAAN** ........ 7
**WAT HET ONS VAN JOU AF NODIG EN TEEN WANNEER?** ........ 8
**HIERDIE JAAR SE UITREIK INFO:** ........ 8
**DIE UITREIK IN FOTOS** ........ 9
- HOE GAAN JY DAAR UITKOM? ........ 9
- WAT GAAN JY DAAR DOEN? ........ 10
- DIE DOOD ERNSTIGE KANT VAN MOZ ........ 13
- WAT GAAN JY ONTHOU? ........ 14

## Waar in Moz gaan ons

Ons reik uit na die rural areas van Moz. Ons was vir die eerste paar jaar by Machaila, toe het ons uitgereik na Chizambane toe, en in 2016 het ons vir die eerste keer Nwanyagatane toe gegaan. In 2 jaar het ons daar 'n groot impak in die gemeenskap gemaak en het toe in 2018 vir die eerste keer bietjie by Gerhard gaan kuier waar hy in Moz bly, Manjacaze, waar ons gehelp het om die Training Center en die kantoor uit te brei en toe te rus om die produkte beter te stoor en te kan bewerk. In 2019 was ons weer terug Machaila toe om die boere van die area te help om hulle kuddes te leer bestuur en gesond te hou. Van 2022 trap ons nuwe spore in Mosambiek en help die community van Hokuane in die Banhine Nasionale Park.





Die area het malaria, so ons gaan in die winter skool vakansie wanneer die muskiete minder is. Ons tref voorsorg deur Malaria pille te drink en ook te smeer en te spuit met insek repellant.

## Wat doen ons

Ons projekte bestaan uit die volgende, maar word aangepas soos nodig:

**Kerk bou**: Ons grou gate vir pale, kap bome af in die bos en help met die aanry van die pale, bou dakkappe en slaan 'n sink dak.

**Water sekuriteit**: Ons sit 'n water tenk by 'n kerk gebou of skool of kliniek op, sit geute op. Ons rehabiliteer ook bestaande tenks.



**Marula Projek**: Hierdie is een van die uitreik se grootste sukses stories. Die community groei marula's, die pitte word dan bymekaar gemaak en verkoop aan die marula olie projek in Machaila. Die pitte word gepars en die olie word gebottel en dan in Suid-Afrika aan salonne en gaste huise verskaf.

**Cashew Neute**: Hulle groei ook cashew neute wat dan op die SA mark verkoop word (julle het dalk al self by Ruimsig 'n pakkie of 2 vars neute gekoop).

**Solar Panels**: As dit moontlik is, sit ons solar panels en ligte by die skool op. Dit help om die onderwysers kans te gee om langer skool te gee veral as daar min onderwysers en baie kinders is. Dit maak ook die pad oop vir die grootmense om in die aande adult-literacy klasse of ander training te kan doen. Daar is dan ook kans vir



ouer kinders wat nie kan skool gaan nie omdat hulle deur die dag klein boeties en sussies moet oppas om dan skool te gaan in die aand.

**Kinder bediening**: Ons lei 'n skool program vir die week saam die kids waar ons saam hulle Hula-hoop speel en balle vang, en vir hulle Jesus se storie leer. Dink "J-Kidz" vir 'n week.

**Kinder bediening leiers**: Die Moz lede van Mozaic Trust se span doen die opleiding van community leiers sodat hulle self die kinder bediening kan lei in die toekoms. Ons span help gewoonlik met die lessies vir die week as daar hulp kort maar ons is daar as 'n assistent rol, ons doen nie self die opleiding nie.

**Vroue bediening**: Daar was 'n redelike suksesvolle naaldwerk opleiding in Machaila 1 jaar, maar a.g.v. materiaal wat skaars was, het die program bietjie dood geloop. So vir nou konsentreer ons meer daarop om hulle vir 1 dag 'n klein bederfie te gee, al is dit net saam sit en praat in 'n sirkel en vir hulle bid, 'n hande roompie gee, of hulle voete vir hulle was. Ons probeer ook om 1 oggend saam die dames van die gemeenskap te spandeer en saam met hulle 'n "normale dag" te beleef soos hulle beleef. Ons werk in die lande, help kos maak, en kry bietjie van 'n "eye-opener" oor hoe die dames deur die lewe gaan.

**General DIY**: ons het die Machaila kamp grond opgeknap met ordentlike shower afskortings en sement vloere wat rolstoel-vriendelik is. Ons het 'n kombuis struktuur ook gebou en 'n tenk en geute opgesit sodat daar water in die kamp grond is. Die kamp word nou deur toeriste ook gebruik wat weer geld in die community inbring. Verder doen ons enige DIY wat nodig is in en om die gemeenskap soos om die gemeenskapsentrum se mure te verf en 'n dak op te sit sodat dit 'n stoor en werk plek vir die marula projek kan word.

**Community**: Ons probeer verhoudings bou met die mense deur nie net op te daag, 'n kerk te plant, en weg te raak nie. Ons probeer elke jaar om die groep in kleiner groepies op te deel, elke groepie gaan dan saam met 'n tolk na 'n huis toe in die gemeenskap en ons gaan sit en "kuier" vir 'n paar ure saam met die mense. Ons hoor hoe hulle 'n bestaan maak, ons hoor wat hulle behoeftes is en ons leer ken die gemeenskap bietjie beter hierdeur.

**Jungle Gym**: Daar is nou vir die laaste paar jaar as deel van die uitreik, 'n jungle gym opgesit in die communities waar ons gaan, en dit het 'n groot impak op die kinders. Party van die kids het nog nooit 'n swaai gehad nie, so hulle het nog nooit die gevoel van "swing" beleef nie. Die kinders kom ook nou skool en kerk toe omdat iets hulle lok, en dit maak hulle weer ontvanklik vir wat eintlik daar gebeur. Die skoohoof in Nwanyagatane het gesê hy sukkel om die kinders 8am by die skool te kry… toe die jungle gym op is toe is sy skoolgrond 6am vol!



## Hoe werk hulle kultuur?

Die mosambiek mense is baie humble, rustige mense, en ons probeer sover moontlik hulle kultuur respekteer. As jy onseker is, volg die tolke se voorbeeld of vra voor jy iets doen.

1. Vrouens sit op die vloer, die mans sit op die bankies / stoele. Hierdie is net in die kerk of in die gemeenskap. Op kamp mag jy maar jou stoel gebruik!
2. Vrouens en dogters moet rompe dra. Jy kan 'n broek onder die romp dra, jou kniee moet net toe wees.
3. Die gaste skep asb eerste kos as hulle by ons eet.
4. Moenie na 'n mamma toe stap en haar kind uit haar arms vat nie, jy moet eers verhouding en trust opbou.
5. Die moz gemeenskap werk op die "alles is almal s'n" prinsiep. As jy kinders het wat saamgaan en hulle vat speelgoed saam in die community in, moet hulle net besef hulle gaan saam al 300 community kinders saam met die speelgoed speel. So hou boeta se favourite karretjie maar in die kamp area. Dieselfde geld vir kos / drink goed so ons eet en drink nie voor die community nie.

## Wanneer gaan ons en hoe ry ons?

Die uitreik is elke jaar tydens die Junie / Julie skool vakansie. Die weke wat ons gaan verander, maar dis altyd binne die skool vakansie datums.



Ons vertrek gewoonlik die saterdag oggend 4am vandaf die Sasol garage op die hoek van N14 en Hendrik Potgieter. Ons ry in 'n convoy almal saam. Ons het radios tussen die karre sodat ons in kontak bly en mekaar kan waarsku as daar gevare in die pad is of as iemand skielik moet stop vir iets.

Die uitreik is gewoonlik so 1000km van die huis af. Terwyl ons in die bos is kan jy moontlik nog so 100km ekstra ry dorp toe en terug of as ons moet gaan help met bome aanry etc.

Ons ry gewoonlik die volgende vrydag terug huis toe. Daar is 'n moontlike opsie om dan see toe te ry en 2 of 3 dae by die see deur te bring voor ons huis toe ry. Die kostes van die see trip en kos etc sal elkeen se eie verantwoordelikheid wees.

Ons ry deur Pafuri of Komatipoort grenspos. Pafuri is rustig, Komatipoort is chaos. Ons hanteer die grenspos op ons eie, ons gebruik nie die "runners" wat daar is nie, antwoord maar net ordentlik "no thanks" as hulle op jou afstorm en volg die groep leier. Maak seker jy het al jou papierwerk reg en by jou as ons daar stop. Ons gebruik gewoonlik 'n plastiek koevert vir al ons papierwerk en bring jou eie swart pen saam. Die bestuurders hanteer die kar papiere en die res van die passasiers val in die paspoort ry en sort dit solank uit.

## Waar slaap ons?

Oppad Moz toe het ons 1 oornag stop en oppad terug ook. Ons slaap gewoonlik in 'n kerkie of 'n kamp terrein of 'n skool of ons gaan bly by ander sendelinge. Jy sal iets soos 'n slaapsak, matras en 'n tent nodig he om lekker te slaap.

By die uitreik self is ons gewoonlik in 'n kamp area, dit beteken plat stuk grond waar jy 'n tent kan opslaan. Dis bos, daar is nie ablusie geriewe nie. Die gemeenskap grou gewoonlik vir ons 'n long-drop toilet voor ons daar aankom en daar is 'n toiletstoel op die gat so dis darem gemaklik, maar moenie 'n baksteen huisie verwag nie!



Ons het gewoonlik 1 of 2 shower sakke wat ons erens aan 'n boom sal hang met 'n skerm om die shower. Ons kook water in 'n groot pot op die vuur vir shower water, jy skep 1 bak kookwater in die gieter, en sit koue water by tot dit "reg" is en gaan shower dan. Hou asb altyd die pot vol sodat die volgende ou ook kan shower. As jy onseker is, een van die "ou" kampers sal jou gou leer en touwys maak!





## Wat eet ons?

Ons het 'n menu wat al 'n paar jaar werk, maar ons is baie bly as ons nuwe idees en resepte kry! Almal betaal dan 'n bedrag (sien "Wat is die kostes") en ons koop dan al die bestandele aan. Jy kry 3 etes 'n dag, 'n vrug, 'n poeding as ons gelukkig is en koeldrank vir die dag. Almal kry 'n beurt in die kombuis om te help met die maak van 'n ete, almal is verantwoordelik vir hulle eie skottelgoed en ons moet ook ons gaste se skottelgoed was. Kos spanne word opgestel sodra ons weet wie gaan.

Die kos is bv hotdogs op die pad, braaivleis, stew, spaghetti bolognaise etc. Lunch is gewoonlik 'n broodjie met smere. Ontbyt is either mieliepap of 'n eier-gereg as ons eiers mag saamvat. Ons maak kos op gas stowe of op die vuur, en ons maak kos vir 30+ mense.

Jy moet 'n water bottel saambring vir jou dag se koeldrank sodat jy jou drink goed saam met jou kan vat waar jy gaan werk ('n klein backpack vir jou kosblik & juice bottel en vrug is 'n goeie idee).

Elke kar moet ook spasie beskikbaar stel vir ten minste 2 kos kratte (swart ammo bokse), 'n boks van 6l melk, pak appels en lemoene en dan moet die hardeware / tools ook aangery word.

Ons probeer die gemeenskap so skoon moontlik agterlos, so ons recycle sover moontlik. Enige blikkies (skoon gespoel in skottelgoed water nadat almal klaar gewas het), bottels, boksies, papiere etc sit ons terug in die dag se leë krat en ons recycle dit dan by die huis as ons terug is. (ons gee "on the job training" vir dit)

Julle is meer as welkom om addisionele snacks / kos saam te vat, onthou net in moz is dit "alles is almal s'n" so moenie voor die community jou pakkie chomps uit haal as jy nie genoeg het vir 300 nie. Hou dit eerder vir in die aand in die kamp. Onthou ook 'n fles en jou eie koffie / suiker vir die pad as jy koffie op die pad soek… dis 'n laaaaaaaaaang pad en ons share nie ons koffie nie! Ons het ook nou vir die laaste paar jaar gesê as jy nie 'n Ricoffy fan is nie, pak gerus jou eie koffie vir by die kamp. Ons budget is redelik beperk en ons kan ongelukkig nie elke barista se droom laat waar word in die bos nie! ☺

## Water…



Omdat water hierdie mense se grootste nood is, probeer ons so spaarsamig as moontlik met water werk terwyl ons daar is. Hulle staan 'n hele dag en wag vir 20l water, ons kom verby en shower 8l water uit per persoon… ons moet dit in gedagte hou wanneer ons water gebruik in moz.

As jou kids kan varkie aand, laat hulle. As jy dalk net 'n vinnige waslap bad kan vat, doen dit. As 'n gesin met 1 showersak kan klaarkom, awesome.

Daar is ook nie altyd vars drink water vir ons beskikbaar nie, so elke kar moet help met aanry van drink water en kos-maak water.

## Watse klere dra ons?

Jy gaan hard werk en vuil word… die mans werk gewoonlik in jeans en 'n t-hemp, die jeans hou beter met die harde arbeid en jy bly skoner. Seuns het gewoonlik shorts en t-hemde aan. Vir vrouens en dogters, t-hemde met moue, geen spaghetti straps / racer back gym tops nie. Dogters moet 'n rompie aan hê en ons stel voor hulle dra tights onder die rompies. Vrouens dra lang rompe (verby knieë) en gewoonlik dra ons gym tights/jeans onder die romp. Die romp kan 'n stuk lap / sarong wees. Vir al die dames: as ons alleen in die kamp is kan jy jou romp uittrek, maar as ons gaste het, moet jy ten alle tye asb rompe dra. As ons in communities uitklim oppad moet ons ook rompe aan he.

Almal moet verkieslik toe skoene dra. Daar is lelike dorings en skerpioene in die bos.

Die temperatuur is baie lekker wanneer ons gaan, nie yskoud nie, nie bloedig warm nie, maar die aande raak bietjie koelerig so bring lang klere saam vir die aande veral vir die kids en 'n warm top of 2 vir in die oggende.

Elke lid van die span het 'n span hoed. Dit gee ons 'n "teken" dat ons saam is en dit help vir in die son werk. Dis 'n goeie keepsake wat vir jare hou! **Onthou asb sonskerm!**

## Wat moet jy saamvat?

Ons kamp in die bos, so jy het die volgende basics nodig:

| **Kamp - Hardware** | **Standard Klere** | **Toiletries** | **Medical Kit** | **Kar Goed** |
|---|---|---|---|---|
| Flitse/lantern | Kouse | Seep | Allergex | nuwe batterye vir remote |
| Headlights | Onderklere | Shampoo | Panados | spaar sleutels |
| Kamp Stoel | T-shirts | Tandeborsel | Rennies | spaarwiel |
| Doom | denims / overall | Tandepasta | Panamor | jack |
| Tent | Slaap klere | Skeermes | Immodium | wheel spanner |
| Matras | Klere vir ry | Spons / Waslap | Buscopan | versekering |
| Pomp | Toe skoene | Deodorant | Stingose | Registrasie dokument |
| Slaapsak | Baadjies | Haar Borsel | Pleisters | 3rd party |
| Kombers | Hoed | Haar rekkies | DeepHeat | Geel driehoeke x 2 |
| Kussing | Beanie | Room | Eyedrops | ZA stickers x 2 |
| | Warm hemp | Sonskerm | Verkoue meds | fan belt |
| **Kamp - Kombuis** | Sweetpak broek | Tissues | Hoes Stroop | diesel filter |
| Eet bord | Romp / Wrap / Sarong | Toiletpapier | Kantrexil | oil filter |
| Pap bord | | Aqueous + Citronella | Burnshield | toolbox |
| Mes | **Papierwerk** | Bad Handdoek | Termometer | manual tyre pomp |
| Vurk | Mediese fonds docs | | Valoid | plug stel |
| Eetlepel | Kar papiere | **Tools vir Werk** | Meds.Lepel | jumpers |
| Teelepel | Paspoorte | *Sal bespreek word* | Malaria Pille | spaar globes |
| Koffie beker | Geboorte sertifikate | Handskoene | | sleep tou |
| Juice Bottel | Bestuurslisensie | | | fuses |
| Kosblik | | | | nood driehoeke x 2 |
| Glas | **Ekstras** | | | reflective baadjies x 2 |
| Fles vir kar | Tools vir bouwerk | | | Fire Extinguisher |
| | Kontant vir petrol | | | handleiding vir kar |
| | Emergency kontant | | | Ekstra kanne met water |
| | | | | Jerry kanne met diesel |
| | | | | Funnel |
| | | | | Tyre Lever |
| | | | | Tyre Tube |
| | | | | tyre repair kit |

## Wat is die kostes?

Elke kar is verantwoordelik vir sy eie petrol kostes en aankope van versekering en stickers etc. Die tolhekke is ook vir jou eie rekening. In SA kyk ons na so R600-R700 vir die round trip. In Moz, as ons Komatipoort om ry, is daar 'n ekstra R100 om voor te budget. Jy moet ook kontant by jou he vir Petrol aankoop in Moz. Of jy kan daar by 'n ATM geld trek as jou bank kaart oorsee gebruik kan word (gaan vind uit by jou bank voor ons gaan).

Elkeen wat saamgaan maak 'n bydrae van R850 – R1000. Die bedrag sal finaal vasgemaak word die middel van Mei sodra ons weet presies wat ons getalle is. Dit sluit die volgende in:

- Kos vir die week vanaf die saterdag aand wat ons uitry, tot en met die saterdag oggend as ons terugkom. (Verder moet elke kar vir sy eie ontbyt op die pad en padkos sorg)
- Span hoed embleem
- Kamp gelde.

Vir nuwe lede van die groep is daar 'n ekstra R150 vir die span hoed.

Ons kostes sluit ook die kos in vir die 5 sendelinge en tolke wat altyd saam met ons uitreik. So 'n gedeelte van jou bydrae help om daai mense ook te voed. Ons koop ook al die kombuis goed uit die bydrae uit soos sunlight, vadoeke, gas vir die gas stoof, nuwe potte indien nodig etc.

Daar is ook altyd 'n paar balle / hula hoops / vroue bediening behoeftes wat ons probeer dek met ons bydraes.

## Wat moet jy nog weet?

As jy geld saamvat, probeer om nie als op 1 plek te hou nie. En ook nie als in jou wallet nie.

Ons betaal NIE bribes in Moz nie. As die polisie-man vir ons die reel-boek kan wys en hoeveel die fine moet wees vir wat ons verkeerd gedoen het, dan sal ons daai bedrag betaal, maar ons betaal NIE om onsself uit 'n situasie te koop nie.

Die emergency geld wat ons saamvat is vir as ons erens 'n ferry moet betaal om oor 'n rivier te kom, of as ons deur 'n park moet ry omdat ons ompad moet ry omdat 'n ander pad nie rybaar is nie.

Dis nie verpligtend om Geelkoors of ander inspuitings te kry nie, maar ons het gevind dis maar beter om voorsorg te tref. Kry inentings teen Geelkoors, Hepatitis A en Typhoid en definitief 'n Tetanus (Klem-in-die-Kaak) inspuiting. Die Travel Clinic op Hendrik Potgieter is baie goed hiermee en baie hulpvaardig. (Northwest Global Travel Clinic 011 475 4193). Jy is ook vir 'n paar jaar gedek.

Malaria pille is 'n persoonlike keuse. Jy moet dit deesdae op voorskrif by jou huis dokter kry. Hy sal jou kan inlig oor al jou opsies. Mense wat nie normale meds kan vat nie, daar is 'n antibiotika Doxycycline wat gebruik kan word, so bespreek met jou dokter. As jy besluit om nie die pille te drink nie, laat weet ons net sodat ons 'n oog op jou kan hou.

Elke kar moet ook probeer om 'n basic medical kit saam te ry met 'n paar panados en pleisters en maag pilletjies etc.

GEEN alkohol op die uitreik nie asb. Daar is 'n redelike groot probleem in die kultuur met drank probleme veral onder die mans, ons wil nie 'n slegte voorbeeld daar stel nie. Ons belowe die bier gaan ongelooflik lekker proe oppad terug huis toe by die see!

Die oggend wat ons ry by die sasol garage moet jy asb jou spaarsleutel inhandig. Elke kar kry 'n ander kar se spaarsleutel sodat ons nie al ons eiers in 1 mandjie bere nie!

## Wat moet jy heel eerste regkry

1. Paspoort! Kry dit so gou moontlik reg. Jou paspoort moet vir at least 6 maande geldig wees vandat ons uit SA uit gaan.
2. Unabridged Birth Certificates vir enige kind onder 18 jaar. As iemand 'n kind saamvat wat nie hulle eie kind is nie, moet ons polisie verklarings en 'n klomp ander dokumente kry om die kind uit die land uit te vat. Laat weet ons so gou as moontlik as dit 'n geval is dat ons die regte papierwerk gedoen kry.

## Wat moet gereel word voor ons landuit gaan

1. Laat weet jou mediese fonds jy gaan uit SA uit en waar jy gaan wees en vir watter tydperk. Meeste mediese fondse het 'n nood nommer wat jy kan skakel en hulle sal jou evacuate in geval van nood. Maak seker jy het die nommer by jou en gee ook vir ons 'n copy.
2. Laat weet jou versekering jou kar gaan landuit. Kry dekking vir Moz, Zimbabwe en Swaziland vir as ons deur 1 van die ander lande moet ry vir enige rede.
3. As jou kar nog op huurkoop is, moet jy 'n brief van die bank af kry sowel as 'n afskrif van jou kar papiere dat jy die kar uit die land uit mag vat.
4. As jy 'n kar by 'n vriend leen, moet jy toestemmings briewe en copies van ID etc he ook.
5. As jy 'n trailer sleep, kry papiere soos vir kar sowel as versekering ook. Onthou al die stickers wat nodig is.

Vir alles hier bo, maak seker die tydperk wat jy dekking voor het, is vir at least 30 dae vandat ons gaan, langer indien moontlik en ook al 3 lande, Moz, Swaziland, Zimbabwe. As 'n kar breek of iets en ons sit langer in die land wil jy nie sukkel omdat jy net 7 dae se dekking het nie. En as grensposte toe is a.g.v. die corona virus wil ons nie sonder dekking deur 'n ander land ry nie.

## Wat het ons van jou af nodig en teen wanneer?

Teen die middel van Mei moet ons weet of jy saamgaan want ons moet getalle finaliseer en kostes vasmaak. Wanneer jy ons laat weet jy gaan definitief saam het ons die volgende van jou af nodig:

1. Jou span hoed sodat ons jou embleem vir jou kan laat op sit(ou lede) of die grote van die hoed wat ons vir jou moet aankoop. (57cm / 60cm)
2. Laat weet ons asb so gou moontlik van enige mediese kondisies of allergiee. Veral vir kos doeleindes
3. Gesertifiseerde afskrifte van:
    a. Paspoorte
    b. Unabridged certificates
    c. Enige affidavits wat nodig is vir kinders
    d. Kar papiere
    e. Insurance papiere
    f. Mediese fonds papiere
4. Ons het 'n kontak nommer van iemand nodig wat agterbly by die huis. Ons los afskrifte van als by die kerk kantoor en as daar 'n noodgeval is, sal die kerk kantoor die regte mense dan kontak.

## Hierdie jaar se uitreik info:

**15 Junie 2024 – 22 Junie 2024**

Almal moet **14 Junie 2023** beskikbaar wees om hulle kos kratte en ekstra toerusting te kom afhaal sodra dit gepak is. Ons sien mekaar **4am** die 15de Junie by die Sasol garage op die hoek van N14 en Hendrik Potgieter.

As jy meer inligting wil he of meer wil kom uitvind, kontak ons asb en ons sal jou op hoogte hou van die volgende meetings etc

Johan van Zyl – 082 855 4186 of johan@nihini.co.za


Ilse van Zyl – 082 416 1594 of ilse@nihini.co.za


## Die Uitreik in Fotos

Hier is 'n paar fotos van wat ons al in Moz experience het. Kom saam, en kom maak jou eie cool foto storie in 'n awesome land saam met awesome mense!

### Hoe gaan jy daar uitkom?

Die pad is mooi… maar as die rivier vol is, en die karre begin omval en vassit…










Dan maak ons maar soos die locals maak…



## Wat gaan jy daar doen?

Bou 'n kerk in 3 dae…











Sit son panele op 'n skool se dak om kinders en groot mense se lewens te verbeter



Gaan kuier in die community saam met die elders en bespreek al hulle behoeftes en kyk waar ons 'n verskil kan maak, of vind net uit hoe hierdie mense 'n bestaan maak.





Help die manne om hulle werk te doen deur die regte "girl" jobbies te doen… bring handskoene saam!







Jou kinders kan saam die moz kids skool gaan onder 'n boom vir die week, en as ons klaar gewerk het vir die dag kan jy die local "Edgars" ondersteun…



## Die dood ernstige kant van Moz

Ons soccer match wat ons teen die locals speel die laaste dag van die uitreik, is een van die ernstigste oomblikke van die kamp… we take no prisoners… ons moet wel nog 1 jaar wen… maar ons praat eerder nie daaroor nie… veral omdat ons verloor teen ouens wat kaalvoet op dorings speel…















## Wat gaan jy onthou?



Dankbaarheid vir "Water on Tap" en hoe kosbaar water rerig is.

Die lekker kuier om die kamp vuur saam met awesome mense met awesome harte





Kom dans saam met ons op Mama-Afrika se stof paaie… jy sal blessed wegstap!